Bloemfontein, 28th March 1935

19.24

Confidential.

Dear Mr. Rheinallt Jones,

I am herewith handing you our new circular. It contains more or less all the troubles that we are continually encountering. I am sending a copy to Pilson, in case he can make any use of it in the Pathfinder.

Several new troops started again. I am satisfied that things are moving along quite smoothly.

Re the 6th of May:
You are aware of the protest of the Transvaal Scout Council re Pathfinders participating in the National rally. A similar note came from the O.F.S. Commissioner.

Personally I am of the same opinion, knowing too much about the feelings of the Afrikaner. Naturally I did not voice my ideas in uor council meeting, but as we have no money to send anyone on council expences the matter was very quickly dealt with. Having the habit to converse openly with the responsible officers in the movement, i.e. the D.P.M.'s, I did so with Father Amor, giving him also my personal opinion, unluckily using the expression that O.F.S Council could not send anybody officially. Well he flew of the handle nicely again, but as I do not get rattled anymore by his epistles, I explained to him that he simply had my personal opinion and tha t officially meant " on Council funds", but that Council approved of the principle, so that anybody going down would have to go on his own expences, but naturally officially representing the O.F.S.

I am very much affraid that this will be a repetition of the World Jamboree trouble. The talk round about here is very unfavourable and v.d.Merwe and Co. are sure to mint this again. Yet I can hardly see what can be done without getting H.E. into hot water.

You know my personal standpoint very well and know that I will heartily wellcome the day, when a better understanding will arise between Bantu and Whites, yet I cannot help feeling, judging from the O.F.S. that this is an unopportune moment still.

Father Amor in Medderpoort is very much out of contact with opinions. Two of my Bantu members have even put the question to me directly whether this will not mean throuble again, to which I simply answered that I hoped not.

As regards the Con ference in Salı 1

This was the end of a perfect day, or better a pretty ancient typewriter. It went on strike. I in all probability will come to the Salisbury Conference. I am very keen to do so and hope to get leave from my dept.

I am sorry to see that the T.V. has fallen in numbers as to ordering the Pathfinder paper. It is rather well liked here.

Sincere greetings

Yours truly

Bar. H. von Gajsacki-Varara

1176, JOHANNESBURG.

R.R. /39. April 27th, 5.

Baron H. von Rapacki-Warnia,
Divisional Pathfinder, O.F.S.
75 Murray Avenue,
BLOEMFONTEIN.

Dear Divisional Pathfinder,

I am very grateful to you for your letter of the 23rd instant and for sending on to me the letter you have received from the Rev. Johan de Beer, which I return herewith. Curiously enough, I have received from Natal correspondence which has passed between the Rev. J.P.H. Wessels of Harrismith and a fellow missionary, the Rev. Henry Howell of Greytown, asking for information on the Pathfinder Movement to be obtained from Dr. Brookes, Mr. Malcolm and others. I am having copies made for you of the English translations which are in my possession. The originals have been returned to Dr. Brookes. With regard to the proposed Conference, I have to point out that I cannot possibly attend it because I shall be in Cape Town on May 9th. As Mr. Kuschke is in the Transvaal at the moment, I am trying to get into touch with him to discuss the position with him, and it may be that I will ask him to co-operate with you in the matter. I will write to you about this early next week. I will also endeavour to write a full memorandum expressing my views as Chief Pathfinder, which can be placed before the Conference.

I have to draw your attention to the fact that Mr. de Beer's letter seems to indicate that the invitation sent to you is to cover the Wayfarer Association also. May I suggest to you the desirability of informing the Rev. J. de Beer that the Wayfarer Association is a separate organisation, and that an invitation should be sent to Miss Louise Marquard, to be sent on to Wayfarer Headquarters. It might be as well if you warned Miss Marquard of what is coming. We can accept no responsibility for passing on the invitation to the Association.

With kind regards,

Yours sincerely,

M

CHIEF PATHFINDER

JDRJ/LR.

Bloemfontein, 23rd April 1935

75 Murray Ave.

The

Chief Pathfinder for Southern Africa

Johannesburg

Sir,

allow me to inform you that I received an invitation from the (Rev) Johan de Beer of Warden to attend a conference of the "Jeugbewegingkommissie van die N.G. Sendingkerk in die O.V.S.",i.e. the Commission for youth Movements of the D.R.Mission Church O.F.S., to be held on the 9th of May at Bloemfontein.

The Wayfarers have been asked as well.

Reason: the institution of a movement that in every way, i.e. language, aim, motto, name etc is fitting for the native chield. This movement to be formed by a remodelling of the already existing movements, not by the formation of any additional movement.

I have answered that our movement will be represented.

As this matter is of such importance it is my opinion that this goes beyond the Province and I must ask you to be present yourself, if you can at all make it possible. If not I would propose that H.Q. sends someone down to assist us here. My personal standpoint can be only one and that is the Pathfinder standpoint which would help comparatively little.

You can see that this is the beginning of real and very serious trouble.

I am enclosing the original letter.

I would be glad to hear from you at your earliest convenience.

I have the honour, Sir,

to be

Yours very sincerely

Baron H. M. von Hapacki-Warma

Divisional Pathfinder O.F.S.

TRANSLATION

Fifth Avenue,

WARDEN.

17/4/35.

Baron H.M. von Rapacki-Warnia,
Divisional Pathfinder, O.F.S.
Murray Avenue,
BLOEMFONTEIN.

Dear Sir,

I am directed by the Youth Movements Commission of the Dutch Reformed Church (Missions) of the O.F.S. to approach you with a cordial invitation to the responsible officialsof your Movement to meet in Bloemfontein on Thursday May 9th, hour and place to be fixed later. An invitation is also extended to the officials of the Wayfarers.

The purpose of this meeting is to negotiate with you in regard to the possibility of the foundation of a movement which in every instance which concerns Language, Purpose, Motto and Name, etc., etc. shall be adapted to the Native child - this foundation to take place through the transformation of the existing movements and not through the institution of an additional movement. My Commission will much appreciate a favourable answer as soon as possible from you in the matter of obtaining your co-operation.

Yours faithfully,

Johan de Beer

SEKRETARIS

COPY

P.O. Box 1176,

JOHANNESBURG.

May 1st, 1935.

R.R./39.

Baron H. von Rapacki-Warnia,
75 Murray Avenue,
BLOEMFONTEIN,
O.F.S.

Dear Baron,

I hope that Mr. Kuschke and you have seen each other since I had a talk with Mr. Kuschke last week-end and that you have heard that he is prepared to attend the Conference of the Dutch Reformed Church on May 8th. As this is going to be a very awkward and delicate business in which the personal influence of Mr. Kuschke will count enormously, I hope you will forgive me if I suggest that Mr. Kuschke take the lead in the discussions on behalf of the Pathfinder Movement. I hope that you will not think that this is in any way a slight upon you as Divisional Pathfinder and I feel sure that you will understand the special value of Mr. Kuschke's services in the situation. I shall be glad therefore if you will discuss with Mr. Kuschke the lines along which the Pathfinder point of view is to be put.

You already have copy of correspondence which I had sometime ago with Professor Lestrade concerning objections raised in the Free State to the Pathfinder Movement. I am sending my folder on the matter to Mr. Kuschke as it seems to me that the correspondence deals with most of the points that are likely to be raised in the Conference. I had intended sending you a new memorandum embodying my own views, but it has been physically impossible to manage this owing to my having to get through arrear work in time to leave for Cape Town tonight.

I realise the difficult discussions you have before you and have my sympathy. I shall look forward to a report from you on the discussions.

With kind greetings,

Yours sincerely,

/PB.

# The Pathfinder Movement
of the
SOUTH AFRICAN BOY SCOUTS ASSOCIATION

FORWARD

# Die Padvindersbeweging
van die
SUID-AFRIKAANSE-VERKENNERSEUNSVERENIGING

PATHFINDER HEADQUARTERS COUNCIL.
PADVINDER–HOOFKWARTIER–RAAD.

PATRON—UNION OF S.A.:
BESKERMHEER—UNIE VAN S.A.:
HIS EXCELLENCY THE GOVERNOR-GENERAL.
SY EXSELLENSIE DIE GOEWERNEUR-GENERAAL.

PATRON—HIGH COMMISSION TERRITORIES:
BESKERMHEER—PROTEKTORATE:
HIS EXCELLENCY THE HIGH COMMISSIONER FOR SOUTH AFRICA.
SY EXSELLENSIE DIE HOE KOMMISSARIS VIR SUID-AFRIKA.

CHIEF PATHFINDER AND CHAIRMAN, H. Q. COUNCIL:
HOOF-PADVINDER EN VOORSITTER, H.-K.-RAAD:
J. D. RHEINALLT JONES, M.A.



P.O. Box / POSBUS 1176, Johannesburg.


REFERENCE / VERWYSING R.R./39.

May 2nd, 1935.

H.F.G. Kuschke, Esq.,
P.O. Box 521,
BLOEMFONTEIN.

Dear Mr. Kuschke,

Mr. Rheinallt Jones has asked me to say that he is sending you copy of some correspondence which may be helpful in the discussion which is to take place on May 8th, together with the draft of the Afrikaans translation of the handbook, in case you might like to have it before you at the discussion.

Mr. Jones suggests that you might point out at the discussion that it is because he realises the importance of the African point of view that he has called the Youth Conference (to which the Voortrekker Movement has been invited) at Salisbury, from which Mr. Jones hopes to get a great deal of value for adaptation to the Pathfinder Movement.

Mr. Jones asks me to say that he is most grateful to you for being prepared to help in the matter.

Yours faithfully,

Lynette Rogers

JDRJ/LR.

75 Murraylaan,
Bloemfontein,
8 Mei 1935.

Aan die Voorsitter
van die Kommissie i/s Naturelle-Jeugbewegings
van die Ned.Geref.Kerk van S.A.

Weleerwaarde Heer,

Die vergadering wat u Kommissie belê het om die verteenwoordigers van die Padvinders en "Wayfarers" te ontmoet, het ongelukkig geblyk 'n mislukking te wees. Nietemin wens ons beleef nog eens in geskrifte ons standpunt duidelik uiteen te sit.

Die verteenwoordigers van albei bogenoemde bewegings het aan u uitnodiging gehoor gegee met die ernstige begeerte om te help om enige besware en moeilikhede uit die weg te ruim. Al sou nie een van die verteenwoordigers kon onderneem het om enige van u wense uitgevoer te kry nie, kon hulle wel onderneem het om kragtige vertoë te rig tot die betrokke outoriteite van hulle liggame.

Ondergetekendes skryf egter alleen namens die Padvinders, 'n beweging wat heeltemal onafhanklik is van die "Wayfarers", en ook maar los verbind is met die "Boy Scouts".

Ons het voor 'n groot moeilikheid gestaan toe ons die uitnodiging om die vergadering by te woon, aangeneem het. Ons het alleen aanduidings gehad van wat die Kommissie beoog. Definitiewe en bepaalde voorstelle oor wat daar, volgens u opinie, behoort te bestaan, het heeltemal ontbreek.

As gevolg van die onvrugbare bespreking van vanmiddag, kan ons meer of min u gevoelens as volg formuleer:

I. Omdat die Padvinderbeweging georganiseer is op "Boy Scout" beginsels is dit, volgens u Kommissie,

(a) 'n gevaar, omdat dit die Naturel noop om 'n vreemde beweging te volg en hy daardeur nog verder verwyder word van sy stamgenote en in gees nóg "Swart" nóg "Wit" sal word;

(b) verkeerd, omdat 'n onreg aan die Bantoe gedoen word deurdat hy gedwing word Engelse terme te leer wat hy nie verstaan nie, en deur die gebruik waarvan hy hom net belaglik sal maak;

(c) onaanneembaar, omdat die Naturel nie 'n <u>nasionale</u> beweging kry nie, maar wel 'n <u>internasionale</u>, wat daartoe sal lei dat hy oorals verteenwoordig moet word, iets wat direk indruis teen die gevoelens van alle Afrikaners;

(d) onreg, omdat van die Naturel geëis word dat hy op "Europese lyne" ontwikkel, en nog groter onreg omdat dit hom wegdryf van sy eie kultuur en die wette en gewoontes wat hy van sy voorvaders oorgeërf het;

(e) noodsaaklik om by die Bantoejeug in te prent gehoorsaamheid, getrouheid, hulpvaardigheid, eerlikheid, vlyt, reinheid, goeie gewoontes, sindelikheid, ens., alleen, dit moet op <u>nasionale</u> basis geskied, deur van die beskikbare Bantoemateriaal van gewoontes, ens., gebruik te maak, sodat b.v. alle spele van Europese oorsprong (en dus vreemd vir die Naturel) vervang word deur inheemse.

II. By monde van die Sendingsekretaris is die oortuiging uitgespreek dat die Padvinders nie 'n positief christelike beweging is nie, maar wel 'n beweging wat 'n algemene godheid erken maar nie Christus nie.

III. U Kommissie vind dit 'n ongerymdheid dat die Padvinders 'n deel uitmaak van die "Boy Scout" Beweging en spreek sy afkeuring daaroor uit omdat dit heeltemal in stryd is met die Suid-Afrikaanse geskiedenis en tradiesie.

IV. Een van u lede het aangevoer dat die Bantoe self nie tevrede is met die Padvinderbeweging nie en het as voorbeeld genoem dat die Bantoe nie 'n vlag geken het nie, en dat dit vlag dus nie in die Padvinderbeweging tuishoort nie. Dit het ons egter getref dat nie een van die drie Bantoeleraars teenwoordig iets gesê het nie.

V. Eindelik het u Kommissie ons verras met die verklaring dat die byeenkoms eintlik bedoel was om inligtings in te win, want u het al in die voormiddag besluit om by die Sinodale Kommissie aan te beveel dat 'n afsonderlike Jeugbeweging op suiwer christelik-nasionale grondslag, en gebaseer op suiwer Bantoeagtergrond, gestig sal word. U het as rede vir die besluit aangevoer dat die Girl Guides en die Wayfarers amalgameer het en u dus voor 'n voldonge feit te staan gekom het, wat u genoodsaak het om tot hierdie stap oor te gaan.

Ons sou graag op al u besware antwoord en doen dit, Weleerwaarde Heer, met die ernstige hoop dat die antwoord u sal beweeg om u besluit i/s afsonderlike stigting tenminste so te wysig dat u direkte voorstelle aan die Padvinderhoofbestuur en die Wayfarer Council sal rig, en dit so gou moontlik, en dan die afloop van die Konferensie oor Jeugbewegings in Suid-Afrika, wat op 8 en 10 Junie e.k. in Salisbury gehou sal word, af te wag.

" U is miskien nie bewus van die feit dat daar 'n
" hele aantal Jeugbewegings onder Naturelle in Suid-
" Afrika bestaan nie.

" Party daarvan is takke of uitbreidings van soort-
" gelyke bewegings in Europa of Amerika, b.v. Boy Scouts,
" Girl Guides, Voortrekkers, Boys' Brigade, Church Lads'
" Brigade. Ander weer is meer of minder veranderde
vorms van Europese bewegings, onder blanke leierskap, b.v.
" Padvinders en Wayfarers. Nog 'n ander soort is be-
" wegings heeltemal van Naturelle oorsprong en onder
" leierskap van Bantoe alleen, soos b.v. die "Pioneers"
" in Kaapland. Nog meer betekenisvol is die feit dat
" daar pogings is om ou stamgebruike te laat herleef deur
" die herinstelling, langs kunsmatige weg, van ou jeug-
" organisasies, soos b.v. die "ibutho" in Swaziland.

" Al hierdie bewegings het hul oorsprong in die
" begeerte om te voorsien in die sedelike en sielkundige
" behoeftes van die jeug in 'n tyd waar die jeug van
" alle rasse in Suid-Afrika, ja, van die hele wêreld, heel-
" temal verbouereerd geword het deur die verlies van tra-
" disionele vorms van groepdissipline en deur die ver-
" brokkeling en verwerping van ou sedelike begrippe.

" Die waarde van die gedagte wat agter al hierdie
" pogings lê, kan nie betwis word nie, maar al te dikwels
" word die aard van menslike materiaal nie genoeg besef
" nie, wat bewys word deur die onvrugbaarheid van 'n or-
" ganisasie, ondoeltreffende instruksie, swak aanpassings-
" vermoë aan plaaslike toestande en omstandighede, en les
" bes, deur vyandskap tussen bewegings self.

" In hierdie paar sinne, Weleerwaarde Heer, het ons
" kortliks probeer om die standpunt van die Padvinders-
" beweging uiteen te sit, nl. dat ons begeer om die be-
" weging so effektief te maak as moontlik is. Die Be-
" weging is wel deeglik bewus van baie tekortkomings en
" is gretig om hulle te verwyder. Daarom sal die Be-
" weging by die Salisbury konferensie verteenwoordig

" wees, waar die besprekings sal gaan oor meer of min
" die volgende:

" (1) Die belangrikheid en uitgebreidheid van werk onder
" die jeug van alle rasse.
" (2) Die noodsaaklikheid om jeugbewegings ten volle by
" Afrikaanse omstandighede te laat aanpas.
" (3) Besondere vraagstukke waarmee sulke organisasies
" te doen het:

" (a) Verhouding van beweging tot stamgebruike en
" gewoontes.
" (b) Verhouding tussen bewegings in een gebied.
" (c) Verhouding van bewegings tot Christelike Kerke,
" ander godsdienste, en omgekeer.
" (d) Hoe kan die toenemende onsedelikheid, te wyte
" aan die verbrokkeling van ou volkswette, bestry
" word?
" (e) Opleiding van leiers, veral Naturelle.
" (f) Hoe kan rekening gehou word met verskillende
" toestande in verskillende gebiede by die opstel-
" ling van wette en reëls?
" (g) Wat moet die verhouding wees tussen blanke en
" nie-blanke bewegings?
" ens. ens.

In die lig van die uiteensetting van die standpunt van die Padvinders wnes ons dan beleef op die besware deur u geopper, te antwoord, en ons doen dit in die volgorde waarin ons hulle opgenoem het.

I. Om die stigting van die Padvinderbeweging in die regte lig te sien, is dit nodig om te besef dat daar twaalf en meer jare gelede klein groepies onder die Naturelle ontstaan het wat hulleself, sonder outorisasie, Scouts genoem het, die Scout-uniform en kentekens gebruik het en uiterlik op Scouts gelyk het. Die gees van die bewegings was egter alles behalwe in ooreenstemming met enige Scout beginsel. Dus het die Boy Scouts die Padvinderbeweging in die lewe geroep om misbruike te verhinder en om leiding te gee, wat so dringend nodig was.

Die Padvinders het egter hulle eie konstitusie, is onafhanklik van die Scouts en ontvang geen geldelike steun van hulle nie, en beide die Scoutraad en die Padvinderraad het hulle nog altyd verset teen enige nouere saamsmelting.

Die Scoutraad is verteenwoordig op die Padvinderraad en kan daardeur verhinder dat die Padvinders 'n beleid volg wat indruis teen die beleid van die Scouts, soos b.v. dat die onderskeid tussen Scouts en Padvinders uitgewis word.

(a) In antwoord op die bewering dat die Padvinderbeweging 'n vreemde ding is, wens ons daarop te wys dat die beweging sy oorsprong in Afrika het. Of die Padvinders nou 'n werkprogram volg wat meer of min ooreenkom met die van die Scouts, of die Voortrekkers, bly die feit bestaan dat die bewegings almal internasionaal is in die sin dat hulle behels die beginsels wat van toepassing is op die opvoeding van enige seun in enige deel van die wereld. Die seuns word dinge geleer wat enige seun graag sou wil doen. Niemand het nog ooit beweer dat 'n Padvinder denasionaliseer word nie. Inteendeel is die ondervinding dat getrouheid vir eie volk en trots op eie nasie by Padvinders baie sterk groei.

(b) Dat die terme op die oomblik Engels is, mag ongelukkig wees. Dit is egter te verstaan as gelet word op die oorsprong, soos voorheen (onder I) aangedui. Die leiers word egter aangemoedig om die moedertaal te gebruik en doen dit in steeds groeiende mate. As u daaraan dink hoeveel moeite dit gekos het om die moedertaal tot

sy reg te laat kom in Naturelleskole,en hoeveel stryd dit nog kos in ander Provinsies, b.v. Transvaal, dan kan u begryp dat daar nog leemtes by 'n vrywillige beweging moet bestaan.

Dat die handboek nog nie gedruk is in Sesoetoe, Soeloe en Afrikaans nie, is te wyte aan gebrek aan fondse.

(c) Die kwessie van <u>nasionale</u> teenoor <u>internasionale</u> bewegings is, meen ons, voldoende beantwoord in hierdie seksie I. Waarom ons daarvoor moet terugdeins om Naturelle met blanke te laat vergader as die noodsaaklikheid daarvoor bestaan, kan ons nie begryp nie. In elk geval is dit onnodig om oor die punt uit te wy want dit het met die eigenlike kwessie, waaroor dit gaan, niks te doen nie.

(d) Niemand het nog ooit verlang dat die Naturel op "Europese lyne" moet ontwikkel nie. Ons begryp nie juis wat die uitdrukking behels en beteken nie, maar afgesien daarvan, geen volk kan ontwikkel tensy dit van 'n ander volk leer en die geleerde geestesgoedere in die plek stel van die van sy eie wat nie deug nie en dan die geheel verwerk tot 'n samehangende geheel.

(e) Ons sal baie bly wees as ons daarin kan slaag om suiwer Bantoe gebruike, spele, musiek, ens. in te voer en selfs bestaande paragrawe van die werkprogram daardeur te vervang. Maar u weet seker nie dat dit al baie probeer is en meesal 'n mislukking was omdat gesaghebbende Naturelle self daarop gewys het dat skynbaar onskuldige gebruike ens. dikwels 'n onsedelike agtergrond het en dus by die jeug die onsedelike aspek gedurig in herinnering bring.

Indien enige <u>bepaalde voorstelle</u> in die bo aangeduide rigting kan gemaak word, sal ons hulle al te gretig aanvaar. Totnogtoe het diegene wat protesteer teen ontwikkeling van Naturelle op "Europese lyne", baie in gebreke gebly met konkrete en opbouende planne.

II. Die Padvinders is nie 'n christelike beweging nie; hulle erken 'n God maar nie Christus nie! Hierdie aantyging kan ons nie sonder protes laat deurgaan nie. Tydens die vergadering het ons aan u voorgelees die gebed wat by Padvindervergaderings gebruik word. Beswaar word gemaak teen die woorde "mag gebruik word", verder daarteen dat Mohammedane en Heidene ook Padvinders kan word.

Beleef wens ons u aandag te bepaal by Reël 5(b) t.w. (i) Die Beweging meng hom nie in (nog op bedekte, nog op ander wyse) met 'n Padvinder se godsdienstige lewe nie, maar moedig hom aan om sy godsdienstige verpligtinge getrou na te kom. (ii) Indien dit verlang word, kan Padvinderspanne in verband met kerklike en sosiale organisasie in die lewe geroep word. (iii) Dit word aanbeveel dat plaaslike komitees of Distriksbesture in hulle onderskeidelike wyke van tyd tot tyd reelings tref vir "Padvinderdienste."

Ons het voorheengenoemde Reël 5(b) in drie seksies verdeel, gemerk (i), (ii), (iii) en sou graag die onderdele onder u aandag wil bring.

(i) Dit is 'n bekende feit dat daar heelwat agterdog heers by kerke in ons land, die een teenoor die ander, en dat daar baie vrees bestaan vir proselietemakery. (In die verenigde Naturelleskole in die O.V.S. b.v. was dit in die begin 'n groot struikelblok.) Daarom, in die eerste plaas, is die reël so gestel soos dit gestel is.

Dat dit nie-christelike lede nie uitsluit nie, is waar, maar as in aanmerking geneem word die tweede sin

(ii) dat spanne in verband met Kerklike organisasies in die lewe geroep kan word, dan lê dit voor die hand dat geen kerk of christelike gemeenskap hoef te vrees dat 'n vyandige, antichristelike invloed kan inkruip nie, omdat die kerk self die hef in in die hand het.

(iii) Dit word nog verder bevestig deur die derde sin wat voorsiening maak vir "Padvinderdienste". Waar sulke dienste vir 'n aantal Padvinderspanne gehou word, b.v. deur die Nederduits Gereformeerde Kerk, sal die dienste bygewoon word deur alle spanne wat geen gewetensbesware daarteen het nie. Mohammedane en Heidene sal waarskynlik wegbly, maar welkom wees as hulle kom. As sulke openbare gesamentlike godsdiensoefeninge sou gereel word vir Mohammedane, sou die leiers van christelike spanne seer seker sorg dat hulle spanne nie daarheen gaan nie. Heidense byeenkomste kan eenvoudig nie plaasvind nie, want dit sou indruis teen die hele beginsel van die beweging, om net maar te noem: "'n Padvinder is rein in gedagte, woord en daad."

U mag antwoord dat dit alles "negatief" is. Ons wil nie daarop ingaan nie, maar alleen daarop wys dat die leiers wat die beweging het, rekruteer word uit die Naturelle-onderwysers en dit sal nog lange jare so bly. Ook al sou u u eie beweging stig, sal u u leiers uit die onderwysers moet kies. Al die onderwysers is lidmate van kerke, hulle is nie noodwendig christene nie, en u beweging sal net so dikwels as die Padvinders treurige ondervindinge moet te boek stel.

'n Christen sal sy lig in die Padvinders net so helder kan laat skyn as in enige ander beweging wat 'n soortgelyke reel in sy konstitusie meer "positief" formuleer. Die formulering van hierdie reel sal niks bydra tot die sukses daarvan nie, maar wel die uitleg daarvan deur die leiers en padvinders self, deur die voorbeeld wat hulle gee, deur hulle getroue navolging van reels 2 en 3, wat 'n ontleding en 'n samevatting is van die reels wat enige ware christen in sy lewe wil en moet volg.

III. U Kommissie keur dit af dat daar 'n verband bestaan tussen die Boy Scouts en die Padvinders en tussen die Girl Guides en die Wayfarers, Boy Scouts en Girl Guides bewegings vir Blanke, Padvinders en Wayfarers vir Naturelle. Ons het daarop gewys dat daar ander gevalle is van 'n verband tussen Blanke en Naturelle organisasies en het as voorbeeld genoem die Nederduits Gereformeerde Moederkerk en die Sendingkerk. Dit was gladnie die geval dat ons u iets wou "diets" maak nie, soos een van u Kommissie dit bestempel het, want ons het die nadruk gele op Blank en Naturel, en daar was geen sinspeling op belydenis nie, soos dit vertolk geword is.

Laat ons toe om die voorbeeld nader te verduidelik. Die Ned.Geref.Kerk het gevoel dat dit om opvoedkundige en sosiale redes wenslik was om 'n aparte Sendingkerk te stig, sodat die Bantoe kan leer om sy verantwoordelikheid te dra en op sy eie voete te staan. Die organisasie van die Sendingkerk is in hoofsaak dieselfde as die van die Moederkerk, maar daar is tog ook belangrike verskille. Die Sendingkerk is 'n onafhanklike liggaam, tog is daar 'n noue organiese verband. Dat albei, die skeiding tussen die twee, sowel as die verband tussen hulle, gesond is, sal u tog nie betwis nie. Die Kerkwet van die een verskil van die kerkwet van die ander, maar albei wette bevat dieselfde beginsels.

As daar dus twee organisasies bestaan, een onder Blanke en een onder Naturelle, albei met verskillende konstitusies, maar albei met konstitusies gebaseer op dieselfde beginsels, kan dit tog alleen voordelig wees as daar 'n verband bestaan waardeur gesorg word dat die kind (d.i. die Naturelle) in die regte bane gelei word.

IV. Daar is aangevoer dat die Bantoe self nie tevrede is nie en dat hy b.v. die Vlag beskou as iets wat nie aan die Bantoe eie is nie; die Bantoe het i.p.v. 'n vlag 'n soort skildvel gehad.

Die Romeine het ook geen vlae gehad nie. Elke regiment het 'n "standaard" gehad, 'n metaalfiguur wat op 'n stok gedra is. Die standaard was die kenteken van die regiment en die plek waar

dit gestaan het, die versamelplek van die manskappe tydens 'n slag. Neerlê van die standaard was teken van nederlaag of oorgawe.

Dit is al wat met 'n vlag bedoel word in die Padvindersbeweging en daar is hoegenaamd geen beswaar daarteen as 'n Padvindergroep of kommando 'n eg Bantoeteken verkies bo 'n vlag.

Waar dit egter die landsvlag geld, moet ons darem sê dat ons nie kan saamstem dat die betekenis daarvan nie geleer moet word nie. Die landsvlag is die simbool van die gesag waaronder ons almal, ook die Bantoe, leef en werk, van die gesag wat ons moet gehoorsaam en waaraan ons respek verskuldig is.

As die inprenting van die betekenis van die landsvlag uit die Padvinderkursus uitgeskakel moet word, sou dit beteken die negering van die belangrike wet van die beweging, nl. gehoorsaamheid, eerbied, getrouheid teenoor gesag.

Soos in 'n vorige paragraaf gesê, is daar baie geleentheid vir verbetering. Daar is b.v. die kwessie van kleding, en hoofdeksels, van verskillende soorte werksaamhede, spele, liedjies, oefeninge ens. wat by elke vergadering van die Hoofbestuur ter sprake kom en nogal baie hoofbrekens veroorsaak. As u aan die hand sou gee wat verander moet word, hoe dit gedoen moet word en waarom, kan ons u die versekering gee dat die Hoofbestuur sy volste aandag daaraan sal gee.

V. Dit was vir ons 'n skok om te verneem, kort na die aanvang van die bespreking, dat u reeds besluit het om by die Sinodale Kommissie aan te beveel dat oorgegaan moet word tot die stigting van 'n afsonderlike beweging omdat u voor die voldonge feit staan dat die Wayfarers en die Girl Guides tot nouere aaneensluiting besluit het. Uit die gesprekke moes ons aflei dat u onder die indruk was dat so 'n noue verband alreeds bestaan het tussen die Boy Scouts en die Padvinders. Dit het u egter nie verhinder om die Padvinders uit te nodig om 'n bespreking met u Kommissie te hê met die oog op verbetering van die bestaande stelsel. U was blykbaar van plan om 'n poging te maak om tot 'n vriendskaplike ooreenkoms te geraak. Ons kan dit dus glad nie verstaan waarom die gebeurtenis met Girl Guides en Wayfarers u nou laat besluit het om stappe te neem sonder enige raadpleging nie.

Die feit dat die Hoofbesture van Girl Guides en Wayfarers die saamsmelting deurgedruk het, ten spyte van die opposisie van die meerderheid van die "rank and file", en die feit dat die minderheid op die Hoofbesture daarin geslaag het om uitstel te kry tot 1940 en dat selfs dan nog nie 'n globale opname van die een groep deur die ander sou plaasvind nie, moes tog bewys gewees het dat die voldonge feit maar op papier bestaan en dat daar baie sterk faktore aan die werk is wat dit sou wil vernietig.

Daar is aangevoer dat die twee bewegings, die Padvinders en die nuwe Jeugbeweging, vriendskaplik langs mekaar in dieselfde skool kan werk, dat geen dwang op bestaande Padvindergroepe en aktiewe leiers sal uitgeoefen word nie. Ons moet dit egter as ons oortuiging uitspreek dat dit nie die geval sal wees nie. Daar sal wrywing ontstaan en wel omdat die Naturelle-onderwysers nie deur die staat maar deur die Kerke aangestel word. Die bestuurders kan enige onderwyser ontslaan, sonder opgawe van redes, met drie maande kennisgewing. Die onderwysers weet dit. As bestuurders, ditsy Wesleyaanse of Anglikaans, dus die wens uitspreek dat die Nuwe Beweging gesteun moet word, sal die onderwysers- wat miskien goeie Padvinderleiers is - dit as 'n bedekte dreigement beskou, soos hulle dit dikwels doen as hulle gevra word om Sondagskool te hou. (Hierdie opmerking bevat geen beskuldiging nie. Die Hoofinspekteur van Naturelle-Onderwys moet byna dageliks met sulke klagte van onderwysers handel en slaag gewoonlik daarin om die klaers gerus te stel sonder om dit nodig te vind die bestuurders lastig te val daarmee.)

Kerklike verskille het al ontsaglike afmetings aangeneem onder die Bantoebevolking van Suid-Afrika. Stamverskille is al in baie gevalle uitgewis om plek te maak vir 'n opsplitsing in groepe op kerklike lyne. Huisgesinne is daardeur uitmekaar geskeur.

Ons almal, Weleerwaarde Heer, betreur dit en dit is u en ons strewe om alle middels, wat moontlik is, aan te wend om te verhoed dat die verbrokkeling nog verder voortgaan. Die stigting van 'n nuwe beweging, egter, sal alleen nog 'n faktor wees wat sal bydra om hierdie doel te verydel.

Laat ons toe om 'n dringende, ernstige beroep op u te doen om u besluit, om tot stigting van 'n afsonderlike beweging oor te gaan, te hersien tot tyd en wyl dit duidelik blyk dat samewerking nie moontlik is nie.

Die aangestreepte paragraaf van hierdie skrywe toon duidelik aan wat ons standpunt is en dat ons nie blind is vir die leemtes wat bestaan en vraagstukke wat op oplossing wag nie.

Hoewel ons nie namnes die Wayfarers kan praat nie, is ons oortuig dat hulle die hier uitgesproke sienswyse ten volle sal onderskryf.

Indien u Kommissie, Weleerwaarde Heer, besluit om u voorgenome aanbeveling by die Sinodale Kommissie in te dien, dan versoek ons beleef dat hierdie brief u aanbeveling mag vergesel. Sou dit dan gebeur dat die Sinodale Kommissie u aanbeveling by die Sinode wil laat goedkeur, dan wens ons beleef daarop aan te dring dat hierdie brief as protes aan die Sinode sal voorgelê word.

Ons het die eer te wees,
Weleerwaarde Heer,
U dienswillige dienaars,

AFDELINGSPADVINDER, O.V.S.

SPESIALE PADVINDERKOMMISSARIS, O.V.S.

AFGEVAARDIGDES: PADVINDERHOOFBESTUUR VAN S.A.

Miss Dobson.

c/o Mr. Rheinallt Jones.

15 Murray Avenue,
Bloemfontein.
8th May 1935

To The Chairman,
of the Commission on Native Youth Movements
of the Dutch Reformed Church of S. Africa.

Reverend Sir,

The Meeting which your Committee convened in order to meet the representatives of the Pathfinders and Wayfarers has unfortunately proved a failure. Nevertheless, we should like once again to elucidate our standpoint in writing.

The representatives of both the above-named movements gave heed to your invitation with the earnest desire to help in clearing away any objections and difficulties. Even if not one of the + representatives could have undertaken to get any of your wishes carried out, they could have undertaken to address forceful memoranda to the authorities of their bodies.

The undersigned, however, write only on behalf of the Pathfinders, a movement which is quite independent of the "Wayfarers" and also has only a loose connection with the Boy Scouts.

When we accepted your invitation to attend the meeting ~~as~~ we were faced with a great difficulty: We ~~merely~~ had merely

2

indications of what the Commission was aiming at; there were absolutely no definite, clearly-outlined proposals as to what, in your opinion, should exist.

As a result of the unproductive discussion of this afternoon we can formulate your sentiments more or less as follows:-

I Because the Pathfinder movement is organised on "Boy Scout" principles it is, according to your Commission:-

(a) a danger, because it entices the Native to follow a foreign movement, whereby he will be still further estranged from his tribal fellows, and will ~~become [illegible] spirit~~ develop a character neither "Black" nor "White";

(b) wrong, because an injustice is done to the Bantu by forcing him to learn English terms which he does not understand, and by using which he will merely make himself ridiculous;

(c) unacceptable, because the Native is being given not a <u>national</u> movement, but an <u>international</u> one, which will result in a demand that he should be everywhere represented, an eventuality which is directly antagonistic to the sentiments of all Afrikaners;

(d) unjust, because the Native is required to develop along "European lines"; and still more unjust because it forces him away from his own culture and the laws and customs which he has inherited from his forefathers;

(e) essential that in the Bantu youth should be inculcated a spirit of obedience, ~~to~~ fidelity, helpfulness, honesty, industry, ~~cleanliness~~ purity (or chastity), good habits, cleanliness, etc., but that this must be done on a national basis, by building on the available material of Bantu customs, etc., so that, for instance, all games of European origin, and therefore foreign to the Native, should be replaced by indigenous ones;

II Through the mission Secretary the conclusion has been voiced that the Pathfinder movement is not positively a Christian one, but rather a movement which recognises a universal deity but not Christ.

III Your Commission regards it as incompatible that the Pathfinders should form part of the Boy Scout movement, and utters its disapproval because this is altogether in conflict with South African history and traditions.

IV One of your members advanced the point that the Bantu himself is not satisfied with the movement, and instanced the fact that the Bantu have never known a flag, and that a flag has, therefore, no place in the Pathfinder movement. It struck us, however, that not one of the three Bantu ministers present said anything.

V Finally, your Commission surprised us by the statement that the meeting was really intended to gain information, as you had already decided in the morning to recommend to the Synodic Commission that a separate Youth movement be established on purely Christian and national lines, and based on a pure Bantu foundation. As the reason for this decision you advanced the fact that the Girl Guides and the Wayfarers had been amalgamated, and that you were, therefore, placed before an accomplished fact which necessitated your taking this step.

We would gladly answer all your objections and do so, Reverend Sir, in the hope that the reply will induce you to modify your decision as to the establishment of an independent institution, at least to the extent of submitting definite proposals to the Executive of the Pathfinders and to the Wayfarer Council, and that you will do this as soon as

possible, and will then await the Conference on Youth Movements in South Africa, which will take place on June 8 and 10 in Salisbury.

"You are not, perhaps, aware of the fact that there are a number of youth movements among the Natives of South Africa.

Some of these are branches or extensions of similar movements in Europe or America, eg. Boy Scouts, Girl Guides, Voortrekkers, Boys' Brigade, Church Lads' Brigade. Others, again, are more or less altered forms of European movements under guidance of Europeans, eg. Pathfinders and Wayfarers. Still another type comprise movements of entirely Native origin, and under the sole leadership of Bantus, such as, for instance the "Pioneers" of the Cape. Even more ~~important~~ significant is ~~that~~ the fact that attempts are being made to ~~reinstate~~ revive old tribal usages by the artificial re-instatement of old youth organisations, such as, for instance the "ibutho" in Swaziland.

All these movements have originated in the desire to meet the moral and psychological needs of youth at a time when the youth of all races in South Africa, and indeed of the whole world, has grown bewildered by the loss of traditional forms of group discipline and by the disintegration and rejection of old moral concepts.

"The value of the thought which underlies all these efforts cannot be disputed, but all too often the nature of the human material one has to deal with is insufficiently regarded. This is evident from the frequent unproductiveness of organisation, ineffectualness of instruction, feeble powers of adaptation to local conditions and environment, and last but not least ~~by~~ from the enmity between the movements themselves.

In these few sentences, Reverend Sir, we have tried briefly to set out the standpoint of the Pathfinder movement, namely, that we desire to make the movement as effective as possible. The movement is indeed, fully aware of numerous shortcomings, and is anxious to eliminate these. For this reason the movement will be represented at the Salisbury Conference, where the discussions will deal roughly with the following:-

(1) The importance and extent of work among the youth of all races.

(2) The necessity of adapting youth movements as fully as possible to African conditions.

(3) Particular problems with which such organisations have to deal:-

(a) Relation of the movement to tribal usages and ~~to~~ customs.

(b) Relation between movements in the ~~same~~ area.

(c) ~~Relation~~ Attitude of movements to Christian Churches and other religions, and vice versa.

**Collection Number: AD1715**

**SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974**

## *PUBLISHER:*

*Collection Funder:-* **Atlantic Philanthropies Foundation**
*Publisher:-* **Historical Papers Research Archive**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2013**

## *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.